CANSA
Cancer Association of South Africa

Research • Educate • Support

KRY DIE WAARHEID OOR KANKER

Mite 04



Ek het nie die reg tot kankersorg nie

Waarheid: Die Grondwet van Suid-Afrika (Handves van Menseregte) waarborg die reg tot toegang van bewese en effektiewe kankerbehandeling asook dienste op gelyke terme sonder lyding as gevolg

Wanopvatting oor die Staat se Verantwoordelikheid om te betaal vir Mediese Sorg - Die Staat moet al my mediese sorg en behandeling verskaf insluitend die mees resente terapieë

Werklikheid - Die Grondwetlike Hof het in 1997 bepaal dat die reg tot gesondheid en gesondheidsorg ‘n nie-gewaarborgde reg is, wat beteken dat die reg afhanklik is daarvan of die Staat sodanige terapie kan bekostig of nie

[Thiagraij Soobramoney (appellant) versus Minister van Gesondheid (KwaZulu-Natal)]

Openbare Sektor

- Tersiêre Hospitale beskik oor gespesialiseerde onkologie eenhede, alhoewel kankerbehandeling ook by sekondêre hospitale beskikbaar is
- Die Staat het Hepatitis B asook onlangs MPV inenting as deel van die Uitgebreide Immuniseringsprogram ingestel

Privaat Sektor

- Mediese Hulpskemas bied spesiale bestuurde onkologie sorgprogramme aan lede
- Privaathospitale kan onkologiedienste aanbied
- Daar is ook privaat onkologie dienste wat deur die Suid-Afrikaanse Onkologie Konsortium (SAOC op Engels) en Onafhanklike Onkolgie Netwerk (ICON op Engels) gebied word

Voorgeskrewe Minimumvoordele is ‘n stel van gedefinieerde voordele (in terme van die Wet op Mediese Skemas) verseker dat all lede van mediese hulpskemas toegang het tot sekere minimum gesondheidsdiense en –terapieë, ongeag die gekose voordeelopsie om sodoende bekostigbare en toeganklike gesondheidsorg te verseker

Ons KANSA Sorgsentra landswyd bied 'n omvattende voorkoming, sorg en ondersteuningsprogram vir kankeroorwinnaars en versorgers. Ons werk saam met oorwinnaars om die beste sorg oplossing te vind en adviseer oor die bestuur van behandeling en verwante newe-effekte, of dit nou fisies, emosioneel en/of geestelik is.

Kontak jou naaste KANSA Sorgsentrum om uit te vind hoe ons jou kan help, of besoek http://www.cansa.org.za/cansa-care-centres/

Tolvry 0800 22 66 22 www.cansa.org.za